

Donderdag 31 Maart

Skrifgedeelte: Genesis 48:1-22

Fokusgedeelte: Genesis 48:21

God is by jou

Wat 'n aangrypende toneel! 'n Pa op 'n hoë ouderdom neem van sy liefingseun afskeid: Jakob wat gaan sterf en Josef wat bly leef op aarde. Om Josef weer te sien, was vir Jakob iets wonderliks gewees. In sy eie gemoed het hy vir Josef weer uit die dood terug ontvang. Hy was stomgeslaan daaroor dat Josef nog in Egipte leef. Nou is die tyd van afskeid daar, so eg menslik en roerend. Op sy sterfbed vertel hierdie pa nog vir sy seun van God. Hy vertel hom van God se beloftes (vs 21): "... God sal by julle wees. Hy sal julle terugbring in die land van julle voorvaders."

Hy gaan sterf, maar God is steeds daar. God is nie sterflik soos 'n mens nie. Hy is ewig in sy wese as God. Voor alle dinge, van altyd af is Hy daar. Van ewigheid tot ewigheid is Hy God (Ps 90:2). Laat ons steeds elke dag vir ons kinders vertel van hierdie ewige God, sodat hulle ook in die toekoms wanneer ons nie meer daar is nie, op Hom sal bou en vertrou. Die heerlike nuus van die evangelie is dat God juis vir sy kinders die pad kom oopmaak het na die ewigheid. Jesus kom oorwin die dood wanneer Hy opstaan uit die graf. So baan Hy die weg na die ewige lewe vir elkeen wat in Hom glo.

Wat 'n heerlike waarheid wat Jesus bekend gemaak het en waaraan ons vandag opnuut kan vasgryp (Joh. 6:47): "Wie in My glo, het die ewige lewe."

Sing: Skrifberyming 9-3:1, 2

Ds. L du P van der Vyver (Wicus) (Silverton)